NUUSBRIEF VAN DIE HOUTWERKVERENIGING VAN PRETORIA

# Tambotie

NEWSLETTER OF THE WOODWORKING ASSOCIATION OF PRETORIA

September 2001 September 2001

## Redaksioneel

Ons is nog 'n maand nader aan die einde van die jaar. Dit is ook nog 'n maand nader aan die uitstalling en gevolglik raak die tyd nou kort om nog te dink aan 'n moontlike projek om voor die tyd te voltooi. Manne ons moet net daardie skeppingstalent van ons nou aanspreek en iets positiefs doen.

## Previous meeting

Our previous meeting at the Teachers College, was once again a resounding success.

We started off with Okkie giving us a lot of detail concerning the construction of tables. It was most interesting to look at all the possibilities available, when deciding to tackle a project of this kind. These included the fact that there are numerous types of tables, each with infinite possibilities as to possible design criteria. I do think that Okkie succeeded in making it quite clear that one should bear in mind what the table will be used for, who the user will be and what you have available in the line of wood and skill.

Dit was vir my veral insiggewend om daaraan te dink dat die ouderdom van die gebruiker/kliënt ook 'n faktor kan wees by die ontwerp van 'n tafel en 'n stoel.

Hierna het ons 'n inligtingsessie gehad oor 'n nuwe reeks gereedskap wat beskikbaar is vir mense soos ons. Dit lyk asof Protool sommer lekker by die meeste houtwerksituasies sal inpas. Dit lyk verder of die pryse van hierdie reeks ook nie te erg is nie.

The last item for the evening was At Smit demonstrating the turning of a typical table leg. I must say that At made it look so easy, but it just shows that enough practice will always contribute towards the ease and success of making anything.

Terwyl ek so na al hierdie dinge staan en kyk het, het dit my opgeval dat dit tog nie so 'n groot werk is om 'n tafel te maak nie. 'n Mens moet net besluit om een te maak en dan die ding begin.

## Volgende vergadering

Ons volgende vergadering, steeds by die Onderwyskollge, sal op Woensdag 26 September 2001 en wel om 18h00 plaasvind. Die tema vir die aand is die maak van stoele. Hierdie onderwerp beloof om weer eens goeie belangstelling gaande te maak Dit pas ook mooi in by die maak van tafels van die vorige vergadering.

## Turners news

**Augustus-byeenkoms, deur At Smit**

Soos verlede maand besluit is die draaiers-byeenkoms voorafgegaan deur 'n besoek aan die klipwerke naby Leon Langenhoven se kleinhoewe, Sewe lede het om 15h00 byeengekom en 'n baie interessant uiotstappie

meegemaak. Die grootte en veral die ouderdom, van die masjienerie in gebruik het beïndruk. Op een van die staal pilare was die datum van 1898 gesien. (Sommige lede was ook verstom deur die geraas wat uit hierdie masjiene kom- Red) 'n Raamsaag van ten minste 10 meter word gebruik om die rowwe blokke sandsteen kleiner te saag, in reghoekige en vierkantige stroke.

Die draaibank van 5 meter lengte was spesiaal voorberei om 'n sandsteenpilaar te draai; spesiaal vir ons besoek! Dit was voorwaar 'n unieke ondervinding om te sien hoe sandsteen-onderdele vir die Uniegebou en die Paleis van Justisie vervaardig word. Dit is 'n lang en stadige proses. Almal wat bygewoon het wil net weer eens 'n groot dankie sê aan Leon vir die reel van die besoek.

The woodturning homework tasks for the day were either a lidded hollow apple or alternatively, for the non fruit farmers, a lamp. The attendance was very good and every single member brought a turned piece. There were apples of every variety and colour in and out of season. Most were good enough to eat, with not a single rotten apple in the collection. It should however be mentioned that Jan van Oudtshoorn had a bit of wind and hail damage with his crop. We also had several excellent lamps on display, some very innovative and well turned items indeed.

Some of our relatively inexperienced members really turned out some superb items. It is obvious that the members enjoy their hobby of turning and go about it with real enthusiasm. Well done chaps, and keep the chips flying!

**Die volgende draaiers byeenkoms**

Daar is besluit om die volgende draaiers byeenkoms 'n week later as normaalweg te hou. Die vergadering is dus op 2 Oktober 2001, weer by At Smit se plek. (Puccinistraat 546, Constantiapark) Die huiswerktaak is 'n eie keuse item, maar dit is verpligtend dat elkeen wat bywoon 'n item moet draai. Nie nakoming sal beboet word!

## Besoek Phil Irons en Nasionale draaierskongres

Die nasionale draaierskongres in Oos London sal oor die langnaweek 21-24 September plaasvind. Vanaf Pretoria is dit ongelukkig slegs At Smit wat gaan bywoon. At sal ook een van die sprekers by die storie wees, sodoende kry die Houtwerkvereniging van Pretoria darem so 'n bietjie blootstelling en kan die res van die land kennis neem dat ons hierrond ook sinvolle dinge doen.

As far as Phil Irons' visit goes- he will now definitely visit us on Friday 28 September . This will be for the demonstration (s) by himself. All those who gave their names to Lou Coetzer must be at At Smit's workshop by 15h00.

Die lede wat die kursus op Saterdag 29 September bywoon, moet teen 08h00 reeds by At se werkplek wees sodat ons maksimum waarde uit die dag kan kry. Ons vertrou dat ons uiteindelik almal by hierdie besoek baat sal vind. (**Ons sal vir Phil daar moet betaal, so almal word versoek om hul gelde beskikbaar te hê by aankoms. Aangesien hy 'n buitelander is glo ek ons moet hom kontant betaal, so bring jou R300 in kontant asb. R100 –note is verkieslik)**

**It is interesting to note that all the people who indicated that they wish to attend either the demonstration or the course could be accommodated**

## Oor klubs/nuusbriewe en deelname

Daar is een ding wat my die afgelope tydjie nogal fasineer, en dit is die houding/benadering van lede van klubs/organisasies waarvan ek lid is. Ek behoort of het behoort aan onder andere die Bergklub van Suid –Afrika, Die Magaliesberg Bewaringsvereniging, The Spaniel Association of SA en natuurlik Die Houtwerkvereneniging van Pretoria. By al hierdie verenings het ons die lede wat alle veragderings bywoon, die lede wat telkens op die komitees dien en daar hul ding doen, die lede wat voluit die

vereniging of organisasie se doelwitte ondersteun en dit geniet. Die laasgenoemde twee kategorieë van lede is diesulkes wat die Himalayas gaan klim, wat weet waar die beste hout teen die goedkoopste pryse verkry kan word, wie se honde in al die kompetisies pryse wen, en laastens maar nie die minste nie desulkes wat lewenslange vriende maak onder die ander lede van die besondere klub. Hierdie ouens vra nooit wat die klub vir hule kan doen nie- hulle weet want hulle neem deel, maak voorstelle en gebruik hul onderlinge vriendskappe om die maksimum voordeel uit die betrokke organisasie te haal. Al hierdie organisasies het ook diesulkes wat nie werklik deelneem nie maar hulle geniet nogtans die geselskap of die samesyn wat hulle van tyd tot tyd kan geniet. Die laaste kategorie is diegene wat nie werklik deelneem nie maar dan altyd besig is om te vra wat die klub of organisasie dan vir sy lede doen. Hulle sien nie enige voordele nie en dink dat die werklike deelnemers onregverdig bevoordeel word.

Ek wens ek kan op 'n formule afkom waar die lede van sulke sosiale klubs, waar die lede tog op eie vrye wil deelneem aan'n aksies wat vir hulle belangrik is, meer samehorigheid kan toon. So 'n samehorigheid kan weerspieël word in die mate waarin die lede aan hul klub se werklike bedrywighede deelneem. In ons geval die werklike maak van houtgoed. Sulke deelname sal ook weerspieël word deur die mate waarin van die lede klieks vorm- maw waar hulle groot vriende raak weens gedeelde gespesialiseerde belangstellings. Sulke spontane deelname sal verder verseker dat daar nie'n gebrek aan belangstelling sou wees om van die organisasie se bedrywighede aktief te ondersteun nie. Ek glo verder dat die lede ook die betrokke nuusbrief sal gebruik om die organisasie te help bevorder. Moontlik is ek verkeerd om te glo dat 'n mens meer deelname moet nastreef. Moontlik is dit maar die mens se natuur om aan iets te wil behoort sonder om noodwendig 'n hoër profiel te wil handhaaf. Dit moet seker maar aan die komitee en 'n paar meer aktiewe lede gelaat word om die organisasie so effektief moontlik te laat funksioneer. Diesulkes moet seker ook maar hul inisiatief gebruik om te bepaal welke klagtes na geluister moet word en welke klagtes geïgnoreer kan word. Ek sal graag enige gedagtes wat julle het wil hoor. Ons moet streef om die Houtwerkvereniging meer dinamies en aanvaarbaar vir almal te maak. Ons moet poog om meer mense se positiewe bydraes te ontvang sodat die komitee, wat nog altyd goeie werk gedoen het, gehelp kan word om hul taak steeds beter uit te voer.

Ek wil hier ook 'n beroep op julle almal doen om bydraes vir hierdie nuusbrief aan te stuur. Dit is nie vir my maklik om maandeliks so te sit en 'n klomp goed saam te flans sodat julle kan voel julle behoort aan 'n aktiewe organisasie nie. Ek glo dat, met insette van die lede af kan ons die nuusbrief baie meer interessant maak en 'n veel wyer perspektief daarstel.

You must never think that anyone is less welcome or less important than the next man. We should only get a formula as to how one should go about to get the maximum benefit from all our members' knowledge and expertise. It is really a sorry state of affairs if we have members who do not benefit as much as others do. We must get a situation where all of us will be such good friends that we may fully learn and benefit from each others' knowledge. I want to hold the Turners sub group as an example where members gain a lot of experience and where good friendships were formed, based on mutual needs and interests.

Just to underline my point, that this apparent lack of interest and non participation may be a universal phenomenon, I quote from the news letter of the Woodcrafters Association of Durban

**"My wife, Bev, who does most of the typing for the newsletter tells me that the Bring and Show section is becoming easier to do every month.**
**This is because the same people bring B&S offerings each month and she just has to do a bit of editing.**
**So lets see some of the newer members (and some of the older ones- myself included) make some contributions."**

Does this not reflect what is happening in our Association as well? Do we have reason to belief that we can improve on our track record?

I do not wish to write about this aspect ever again. I will only publish any comments or contributions received from our members.